KOMMUNIKAMMA 7 MAART 2021

Kraggakamma Gemeente vier 48jaar van genade.

Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:
U blokouderling of -diaken
Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
Dr Deon Els: 072 276 7555; els_deon@yahoo.com
Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

TEKS vir die WEEK:
Hebreërs 13: 5&6. (uit "die Boodskap" vertaling)
Wees tevrede met wat julle het en moenie heeltyd agter geld aan hardloop asof dit die belangrikste ding in die lewe is nie, God het mos gesê: "Ek sal jou nooit alleen los nie en ek sal jou nooit in die steek laat nie." Daarom kan ons met vertroue sê: "Die Here is die Een wat my help. Ek hoef vir niks bang te wees nie. Buitendien, wat kan 'n mens aan my doen?"

SAKE vir GEBED:
- Ons is so dankbaar dat ons as gemeente ook ook op Sondae ons Here saam kan aanbid.
- Ons waternood is baie ernstig. Pleit by die Here dat Hy ons almal genadig sal wees. Ook oral waar dit SO nodig is.
- Dank God dat die toediening van die entstof sover glad verloop het.
- Ons bid vir almal wat negatief deur die pandemie getref is, het sy finansieël, fisies of emosioneel.
- Bid vir wysheid, krag en insig vir ons geestelike leiers wat gereeld met moeilike uitdagings te doen het.
- Dra ons burgemeester en sy medewerkers aan die Here op. Ons bid dat hy met integriteit, getrouheid en wysheid sy pligte sal doen.
- Vra ook God se seën op ons president en die regering.
- Ons glo dat die Here die beroepingsproses sal seën en dat die kommissie God se stem duidelik sal hoor.
- Bid dat Deon en sy familie elke oomblik bewus sal wees van God se teenwoordigheid en Sy seën.
- Gaynor Swanepoel sterk tuis aan na 'n operasie.
- Marie Rootman is in die hospitaal na 'n operasie.
- Karl Lokotsch se skoonsuster, Elsabe van Niekerk, is ernstig siek in die hospitaal.
- Josh Brynard die jong seun wat 'n hartoperasie ondergaan het.
- Dra vir Henry Stroebel van KK Uitspanning aan die Here op. Hy sukkel met sy gesondheid. Dink ook aan sy vrou, Helena wat hom bystaan.
- God is goed, ja, Hy is altyd goed.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:
Bid saam met die geheime gelowiges in **Jemen** dat hulle met wysheid en onderskeidingsvermoë hulle Christen boeties en sussies sal ondersteun en bemoedig.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU
Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Maskers moet gedra en 'n veilige afstand gehandhaaf word. Vir jou koors wat gemeet sal word en vir die saniteer van hande, het ons alles in plek. Onder die regulasies van vlak 1 mag daar slegs 100 persone per erediens in die kerkgebou wees.
Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn vorm te voltooi. **https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8. Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi. Ons hou om 08:30 ons Eietydse diens en om 10:00 ons Klassieke diens.**
Jou bespreking verseker jou van 'n plek in die erediens. *Ons gaan ongelukkig persone wat nie bespreek het nie, moet wegwys indien ons die maksimum van 100 persone bereik het.*

Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimtone toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis.
Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

PROGRAM VIR DIE WEEK:
Sondag 7 Maart Derde Lydensweek
08:30 EREDIENS – Eietyds (https://youtu.be/XBm3lt4z8I8)
Skakel gerus op Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.
Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

10:00 EREDIENS - Klassiek

10:00 KATEGESE
Kategese begin vir graad 1 tot 6. Covid protokol is in plek en ons sal alles in ons vermoë doen om die kinders veilig te hou. Die kinders kom op die volgende plekke bymekaar:
Graad 1 – In die saal. Die graad 1 ouers is welkom om vandag saam te kom.
Graad 2 – Bushuisie
Graad 3 – Konsistorie
Graad 4 – Maalruimte voor die kombuis.
Graad 5 – Voorportaal van die saal
Graad 6 - Voortrekkersaal

Maandag 8 Maart
12: 45 GEMEENTEBIDUUR
Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid in die konsistorie, maar ook via Zoom. Almal is welkom. Kontak Niekie indien jy wil saam bid of 'n gebedsversoek het.

Dinsdag 9 Maart
Voedselhulp aan PE-Noord
Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Die gemeente se beskikbare fondse vir hierdie projek is egter baie laag. **Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.**
Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Piet en Sonja Spies (Cassiarylaan 82) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

Woensdag 10 Maart
KERKKANTOOR
Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. Maak 'n afspraak by Niekie indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie**. Volg asb die regulasies.

Vrydag 12 Maart
05:00 MANNEGROEP
Die mannegroepbyeenkoms vergader by Frans Stapelberg, Carnationlaan 15. Indien jy wil deel word, kontak vir ds. MG vir meer besonderhede.

Die pad vorentoe.
Op 'n kerkraadsvergadering, gehou op Woensdag 3 Februarie, is die volgende sake bespreek:
Dr Deon Els het die beroep na Helderberg Gemeente in Somerset-Wes aanvaar en sal op 1 April 2021 daar diens aanvaar. Sy afskeidspreek is op Sondag 14 Maart 2021. Hierdie eredienste sal, volgens regulasies, in die kerkgebou gehou word en lewend uitgesaai word.
Indien u 'n dankie sê kontant donasie aan die Els gesin wil maak, kan u dit by die kerk se rekening inbetaal. Toon asb net duidelik aan dat vir die Els familie bedoel is. Jy/julle kan ook 'n kort videoboodskap vir hulle aan Niekie stuur voor 10 Maart. Sy sal alles bymekaarsit vir een video.

'n Medeleraar is nodig vir Kraggakamma Gemeente. Die bedieningsbehoeftes en -uitdagings is groot en ons finansies laat dit toe. Ons moet bid vir vir die proses. Die advertensie verskyn in die Kerkbode. Kyk asb na die proviel en as jy 'n predikant wil voorstel, kontak met Niekie by die kerkkantoor.

Die nut van die huidige pastorie, asook herstelwerk wat gedoen moet word, moet ondersoek word. Die moontlikheid om die pastorie te verkoop en eerder ‘n subsidie te gee, sal verder ondersoek word.

Ds MG is bereid om alleen voort te gaan totdat die beroepingsproses, waarmee ons nou begin en wat binne 2-3 maande afgehandel kan wees, voltooi is.

BOURESERWEFONDS

Ons geboue is ook ‘n getuienis dat ons God se fontein van liefde is. Die kerk kompleks benodig groot opknappingswerk soos bv verf, facia’s, oorhange, geute ens. Daar moet ook werk by die Gazanialaan gedoen word. Die totaal van die herstelwerk- en opknappingswerk beloop na raming baie naby aan ‘n miljoen rand. Die werk sal oor ‘n tydperk aangepak word soos fondse beskikbaar raak.
Ons boureserwefonds is uitgeput na die verbeteringe aan die kerkgebou.
Ons weet dit is moeilike tye vir baie van ons, maar as die Here vir u geseën het, oorweeg dit asb biddend of jy nie kan help om weer die fonds te versterk nie. Oorweeg dit asb ook om in jou erflating ‘n paar rand aan die fonds na te laat.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

7 Maart	Wakki Burger, Jan Schnetler en Patrick Sharp
8 Maart	Waldo Dreyer, Herman Fourie, Johan Gerber en Madelein Naudé
9 Maart	Pienaar Agenbag, Hennie Bakkes, Tommie Burger, Rina Kahts, Derik van der Merwe en Natie van Jaarsveld
10 Maart	Ronel Kotze, Jacques Minnie en Louise Nieuwoudt
11 Maart	Niel Cronjé, Charleston Herman, Marelize Roets, Renier Rossouw, Shiné Roux, Arno Rust, Liani Slabbert en Sonica Wolmarans
12 Maart	Justin Terblanche
13 Maart	Sanelle Botha, Ané Human, Lara Meiring, Leonette Moolman en Corné Slabbert

KATEGESE

Ons begin vandag met kategese vir ons kinders. Vandag sal juniors (Graad 1-6) om 10:00 kategese by die kerkkompleks bymekaarkom en volgende sondag die graad 7-11 jongmense. U kind se mentor sal met u kontak met die indeling van die ontmoetings van die jaar. Die Sondag waarop u kind nie by die kompleks is nie, versoek ons u om die ontmoeting met u kind te hanteer. As ouers roep die Here ons om die belangrikste mentors in ons kinders se lewens te wees. Dit Kategese boeke sal by die eerste ontmoeting by die kerkgebou uitgedeel word. Vir meer inligting of hulp, kontak asb met u kind se kategeet. Die indeling en kontakbesonderhede van kategete is op die gemeente se webblad beskikbaar. Gaan na diensterreine, maak Jeugbediening oop en daar verskyn ons jeugmentors en program vir 2021.

BYBELGENOOTSKAP DEURSTAP VRUGTEMARK

Die Bybelgenootskap Vrugtemark vind plaas op 25-26 Maart van 08:00-18:00 en 27 Maart van 07:30-12:00 by die Bybelhuis, Cotswoldlaan 31. (Tel 041-3641138)

DANKOFFER

12 maande van ons finansiële jaar is verby en ons kon ons finansiële verantwoordelikhede, met ‘n klein tekort, nakom. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien. Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005

SnapScan

KLEUTERSKOOL BIBLIOTEEKPROJEK

Ons ondersteun Ds Derick Meyburgh wat oa betrokke is by veertig kleuterskole in die distrikte van Cala en Elliot in die landelike Oos-Kaap. Hy wil graag ‘n leeshoekie by elke kleuterskool beskikbaar stel. As elkeen van die 40 kleurterskole tien boeke kan kry, benodig hul 400 boeke om mee te begin.

Daar is nou ‘n NGO wat isiXhosa boekies beskikbaar stel vir R10.00 per boekie. As u ‘n bydrae tot die projek wil maak, betaal dit oor aan die Kerkkantoor en dui asb aan dat dit vir die Kleuterskool Biblioteekprojek is.